testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2021

**10791**

**GESKIEDENIS**

**VRAESTEL 1**

**TYD:** 3 uur

**PUNTE:** 150

**8 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye**

GESKIEDENIS V1

10791A

X05

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**
**'n Addendum van 14 bladsye is binne die vraestel ingesluit.**

**b.o.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA VANAF DIE 1970’s TOT DIE 1980’s

   VRAAG 3: BURGERLIKE SAMELEWING BETOGINGS VANAF DIE 1950’s TOT DIE 1970’s

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE: VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE: DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING BETOGINGS VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, sal in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en die ander EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag of 'n opstelvraag wees.

5. Wanneer vrae beantwoord word, moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig toepas.

6. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling. Die bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

**VRAAG 1: HOE HET DIE USSR EN DIE VSA TUSSEN 1945 EN 1949 HUL INVLOEDSFERE IN EUROPA GESKEP?**

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Wie, volgens die bron was die Groot Drie? (3 x 1) (3)

1.1.2 Maak gebruik van die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom dit nodig was vir die Groot Drie om by Potsdam in 1945 te ontmoet? (2 x 2) (4)

1.1.3 Hoekom, volgens die bron, was President Truman vasbeslote om die hantering van Duitsland te verlig (verminder)? (2 x 1) (2)

1.1.4 Gebruik jou eie kennis om die besluite wat in 1945 by die Potsdam-konferensie geneem is, te verduidelik. (1 x 2) (2)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Gebruik die bron om EEN aspek te identifiseer, om te bewys dat die Amerikaanse regering die meeste gevrees het oor die invloed van Sowjet-Rusland en sy satelliete. (1 x 1) (1)

1.2.2 Verskaf 'n rede waarom Winston Churchill na Stalin verwys het as "Maarskalk Stalin". (1 x 2) (2)

1.2.3 Definieer die konsep '*Ystergordyn*' in die konteks van die Koue Oorlog. (1 x 2) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar oor waarom Winston Churchill bekommerd was oor die verspreiding van kommunisme in Sentraal- en Oos-Europa. (2 x 2) (4)

1.2.5 Verduidelik waarom hierdie bron as betroubaar beskou kan word vir 'n historikus wat die oorsprong van die Koue Oorlog in Europa ondersoek. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word. Gebruik visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.3.2 Watter TWEE supermoondhede word in die spotprent uitgebeeld? (2 x 1) (2)

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Gebruik die bron om die TWEE bydraes van die Marshall-plan te identifiseer, wat 'n poging was om Wes-Europese ekonomieë te laat herleef. (2 ×1) (2)

1.4.2 Lewer kommentaar op die sukses van die Marshall-plan, met verwysing na die bron. (2 x 2) (4)

1.4.3 Waarom, volgens die bron, was die Marshall-plan befondsing nie buite sy oorspronklike wettige einddatum van 1952 hernu nie? (2 x 1) (2)

1.5 Verwys na Bronne 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die getuienis in Bron 1D ondersteun met betrekking tot die Marshall-plan. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT lyne (ongeveer 80 woorde) wat verduidelik hoe die USSR en die VSA hul invloedsfere na 1945 geskep het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE AARD VAN BUITELANDSE BETROKKENHEID BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Volgens die bron, watter bewegings veg vir Angolese onafhanklikheid sedert die 1960's? (3 x 1) (3)

2.1.2 Lys TWEE buitelandse magte, in die bron, wat betrokke was by die ondersteuning van die FNLA. (2 x 1) (2)

2.1.3 In die konteks van die konflik in Angola, definieer die konsep *'burgeroorlog'*. (1 x 2) (2)

2.1.4 Deur gebruik te maak van inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom Kuba en die USSR die MPLA met hulp wou bystaan. (1 x 2) (2)

2.1.5 Verduidelik waarom die Verenigde State verkies het om sy verbintenis met die Apartheidsregime nie bekend te maak nie? (1 x 2) (2)

**MAAK ASSEBLIEF HIERDIE ADDENDUM VAN 14 BLADSYE LOS.**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN

## 2021

| |
|---|
| **10791** |
| **GESKIEDENIS** |
| **VRAESTEL 1** |
| **ADDENDUM** |

**14 bladsye**

**VRAAG 1: HOE HET DIE USSR EN DIE VSA INVLOEDSFERE IN EUROPA TUSSEN 1945 EN 1949 GESKEP?**

**BRON 1A**

Die onderstaande bron verduidelik die verdeling van Duitsland na afloop van die Tweede Wêreldoorlog in 1945.

Die Groot Drie – Die Sowjet leier Joseph Stalin, die Britse Eerste Minister Winston Churchill (vervang op 26 Julie deur die Eerste Minister Clement Attlee) en die Amerikaanse President Harry Truman, het in Potsdam, Duitsland ontmoet, vanaf die 17de Julie tot die 2de Augustus 1945 om terme vir die einde van die Tweede Wêreldoorlog te onderhandel. Na afloop van die Yalta Konferensie wat in Februarie 1945 plaasgevind het, het Stalin, Churchill en die Amerikaanse president Franklin D. Roosevelt saamgestem dat na die oorgawe van Duitsland, na-oorlogse grense in Europa vasgestel moes word. Op die 8ste Mei 1945, het Duitsland oorgegee en die Geallieerde leiers het besluit om mekaar by Potsdam gedurende die somer te ontmoet om die gesprekke wat by Yalta plaasgevind het te hervat. Alhoewel die Geallieerdes hulself daartoe verbind het om ‘n gesamentlike oorlog in die Stille Oseaan te voer, het die leemte aan ’n gemeenskaplike vyand in Europa dikwels probleme veroorsaak om konsensus te bereik, rakende die na-oorlogse rekonstruksie van die Europese kontinent.

Die grootste vraagstuk wat aandag by Potsdam geniet het, was hoe om Duitsland na afloop van die oorlog te hanteer. By Yalta, het die Sowjette ernstige na-oorlogse reparasie, afkomstig van Duitsland voorgestel, waarvan die helfte na die Sowjet Unie moes gaan. Roosevelt het toegestem tot hierdie vereistes, terwyl Truman en sy sekretaris, James Byrnes vasbeslote was om die hantering van die Duitsers te verlig, deur voor te stel dat die geokkupeerde nasies slegs reparasie sal vereis vanaf hul eie besettingsone. Truman en Byrnes het hierdie voorstel ernstig aangemoedig omdat hul ’n herhaling van die situasie van die Verdrag van Versailles wou voorkom. Volgens die Verdrag van Versailles was reparasie kostes, na afloop van die Eerste Wêreldoorlog ook van Duitsland vereis,. Talle kenners het saamgestem dat die geharde reparasie vereistes wat deur die Verdrag van Versailles op Duitsland afgedwing was, die Duitse ekonomie gestrem het en aanleiding gegee tot die opkomende Nazi’s.

Ten spyte van verskille, het die Geallieerde leiers wel daarin geslaag om tot ’n paar ooreenkomste te kom. Onderhandelings het die status van ‘n gedemilitariseerde en ontwapende Duitsland in vier sones van Geallieerde beheer gevestig.

[Uit *//history.state.gov/milestones/1937-1945/Potsdam-conference*
Toegang verkry op 22 Maart 2021.]

**BRON 1B**

Hierdie is 'n uittreksel uit die "Ystergordyn" toespraak, deur die Britse Eerste Minister, Winston Churchill in Fulton, Missouri op die 5de Maart 1946.


> 'n Skadu het geval op die onlangse oorwinning wat die Geallieerde behaal het. Niemand weet wat Sowjet Rusland en die Kommunistiese Internasionale Organisasie beplan in die nabye toekoms óf wat hul perke is tot hul uitbreiding en pogings tot omskakeling nie. Ek het 'n sterk bewondering en aansien vir die brawe Russiese mense en oorlogskameraad Maarskalk Stalin. Daar is simpatie en goedhartigheid in Brittanje – en ek betwyfel nie ~~of~~ hier nie ook dieselfde gevoel heers, ten opsigte van alle Russiese mense, met 'n strewe tot bewaring nie, selfs deur verskille en weiering om langdurige vriendskappe te vestig. Ons verstaan dat die Russe hulself moet beveilig op hul Westerse grense deur die verwydering van alle Duitse aggressie. Ons verwelkom Rusland tot haar regmatige plek onder die leidinggewende lande in die wêreld. Bowenal verwelkom ons konstante, deurlopende en groeiende kontak tussen die Russiese mense en ons eie mense aan beide kante van die Atlantiese Oseaan. Dit is wel my plig om die feite duidelik te maak soos ek dit sien om jul voor waarhede te plaas oor die huidige situasie in Europa.
>
> Van Stettin aan die Baltiese See tot by Triëst aan die Adriatiese See het daar 'n Ystergordyn oor die vasteland gesak. Agter daardie lyn is al die hoofstede van die ou lande van Sentraal-en Oos-Europa – Warschau, Berlyn, Praag, Weenen, Boedapest, Belgrado, Boekarest en Sofia. Al hierdie bekende stede en die bevolkings daaromheen is geleë binne die Sowjet-sfeer en almal word onderwerp, in een of ander vorm, nie net aan die Sowjet-invloede nie, maar aan 'n hoë en toenemende mate van beheer vanaf Moskou. Athene alleenlik met haar ontsterflike glorie is vry om self te besluit tot 'n verkiesing onder Britse, Amerikaanse en Franse observasie, terwyl die Russies-gedomineerde Poolse regering aangemoedig word om enorme en onregmatige indringings aan Duitsland te maak. Dit veroorsaak wel die massa-uitsetting van miljoene Duitsers op 'n ernstige en ongedroomde skaal vind nou plaas. Selfs die kleiner Kommunistiese partye wat baie klein is in al hierdie Oos-Europese state, is ver bo hulle getalle verhef en probeer oral op soek na totalitêre beheer.

[Uit *//www.nationalarchives.gov.uk/education/resources/cold-war-on-file/iron-curtain speech/* Toegang verkry op 20 Maart 2021.]

**BRON 1C**

Die onderstaande spotprent is aanduidend van die rede vir die bekendstelling van die Marshall-plan ten einde Wes-Europa te beskerm van die gevaar van Sowjet oorheersing.

**MARSHALL-PLAN VERTRAGING**




**WES-EUROPA**

[Uit *https://your-instructions-from-moscow.tumbir.com/post/157795653745/while-the-shadow-lenghtens-edwin-marcus-new-york.* Toegang verkry op 10 March 2021.]

**TERWYL DIE SKADU VERLENG**

## BRON 1D

Die onderstaande bron fokus op die evaluering die Marshall-plan in 1952.

Soos bekend het die VSA $13.3 biljoen dollar (ongeveer $140 miljard in 2017 dollar) van ekonomiese hulp tussen 1948 en 1951 aan 16 Wes-Europese lande deur die **ECA** (Economic Cooperation Administration) verleen. Baie van hierdie fondse was toegewys vir aankope van kommoditeite. Geskiedkundiges het saamgestem dat die Marshall-plan grootliks bygedra het tot die herlewing van Wes-Europese ekonomieë deur die toepassing van inflasie-beheer, die herlewing van handel en die herstel van produksie. Dit het ook gehelp in die verbetering van infrastruktuur deur gelyksoortige fondse in die plaaslike valuta-eweknie-fondse.

Wat opvallend is van hierdie hulp, is dat die Europeërs self ’n belangrike rol vertolk het in die beplanning en implementering van die ERP (Ekonomiese Herstelplan). Amerikaanse hulp het moontlik die riglyn gestel vir lande in ontvangs, ten einde hul by te staan in hul na-oorlogse herstel en stabiliteit. Die feit dat die Europeërs meestal tot die basiese vereistes saamgestem het, het aanleiding gegee dat ’n sekere vorm van kapitalisme as ’n na-oorlogse ekonomie en ’n sekere regeringstyl bevorder is. Dit het uiteindelik veroorsaak dat die Marshall-plan suksesvol was.

Die aanvanklike befondsingsbedrag (einddatum 1952), soos wetlik bepaal deur die Amerikaanse kongres het behoue gebly. Met wye verandering reeds in plek was dit egter meer uitdagend vir ondersteuners om addisionele hulp te ontvang vanaf die ERP of ook bekend as die Ekonomiese Herstelplan (Economic Recovery Programme.) Boonop, die uitbreek van die Koreaanse Oorlog in 1950 het Amerikaanse belangstelling gelok en aanleiding gegee dat die fokus verskuif het van ekonomiese ontwikkeling tot befondsing vir verdediging en ondersteuning vir militêre herbewapening in Europa as ‘n skans teen die Sowjet Unie en internasionale kommunisme.

[Uit *https://www.afsa.org/helping-europe-help-itself-marshall-plan*.
Toegang verkry op 19 Maart 2021.]

**VRAAG 2: WAT WAS DIE AARD VAN BUITELANDSE BETROKKENHEID IN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG?**

**BRON 2A**

Die onderstaande bron beskryf hoe die buitelandse magte in die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.

Drie hoof militêre bewegings (faksies) het geveg vir die onafhanklikheid van Angola sedert die 1960's. Die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) was 'n Marxistiese organisasie wat hoofsaaklik in die hoofstad, Luando gesentreer was en gelei deur Agostinho Neto. Die National Front for the Liberation of Angola (FNLA), gelei deur Holden Roberto, was gebaseer in die noorde van die land en het sterk bande met 'n bondgenoot gehad wat pro-Amerikaans was. Dit was Mobutu Sese Seko, in die buurstaat Zaïre. Die National Union for the Total Independence of Angola (UNITA), gelei deur Jonas Savimbi en ondersteun deur die land se grootste etniese groep, die Oimbundu was die derde faksie. Hierdie drie groepe het die Alvorooreenkoms onderteken wat die onafhanklikheid van Angola bevestig het, en het ook 'n magsverdeling voorgestaan deur die drie faksies. Vertroue was gou verbreek en die land het haarself in 'n burgeroorlog gewikkel soos wat elke faksie alleenheerskappy wou afdwing

Die krisis in Angola het ontwikkel in 'n Koue Oorlog oorlogsfront soos die supermoondhede en hul bondgenote militêre hulp verskaf het aan hul gekose kliënte. Die VSA het hulp en opleiding verskaf vir beide die FNLA en UNITA, terwyl troepe vanuit Zaïre, Holden Roberto ondersteun het. China het ook militêre instrukteurs gestuur om hulp aan die FNLA te verleen. Die Sowjet Unie het militêre opleiding en toerusting aan die MPLA verskaf. Gedurende die somer van 1975, het die Sowjet-ondersteunde MPLA hul mag in Luanda gekonsolideer en daarin geslaag om die Amerikaans-ondersteunde FNLA uit die hoofstad te verdryf maar die FNLA het aanhou aanval.

Die MPLA het lang, gevestigde verhoudings met Fidel Castro van Kuba gehad. Reeds voor die 11de November het die MPLA met Castro onderhandel vir Kubaanse hulp. Op dieselfde tyd het UNITA wat ook Amerikaanse ondersteuning gehad het, begin om met die apartheidsregering in Suid-Afrika te onderhandel vir militêre versterking. Pretoria, met die doel om die gebruik van Angola as 'n basis vir rebelle te beveg vir die onafhanklikheid van Suid-Afrika, het Namibië beset, het kragte bygedra wat in Oktober Suid-Angola binnegekom het en vinnig vordering gemaak het in die rigting van die hoofstad. In reaksie hierop het Castro spesiale magte van Kuba ontplooi om die Suid-Afrikaanse magte te blokkeer. Hy was ook daarin geslaagd om aandag te vestig op Amerika wat magte ondersteun wat aan die apartheidsregering behoort het. Die Amerikaanse regering het wel Suid-Afrikaanse inmenging aangemoedig, maar het verkies om hul verbintenis met die apartheidsregime as minder belangrik te ag.

[Uit *https://history.state.gov/milestones/1969-1976/angola.* Toegang op 19 March 2021 verkry.]

**BRON 2B**

Die onderstaande bron beskryf die aard van betrokkenheid van die VSA in die Angolese Burgeroorlog.

Die Amerikaners het nie opgegee nie. Dit was die Koue Oorlog en wêreldwyd was daar wedywering met die Sowjet Unie. Russiese wou toegang tot Angola ten alle koste verhoed en nie net oor die olie nie. Angola het ook beskik oor goeie hawens aan die Atlantiese kus. Die moontlikheid tot ’n Russiese vlootbasis het Washington bekommer. Suid-Afrika het ook die teenwoordigheid van Kubaanse en Russiese troepe in Angola as ’n bedreiging beskou. Daar was geen twyfel wat bestaan het, dat indien Amerika en Europa ’n keuse sou moes maak tussen apartheid en kommunisme in Suid-Afrika wat dit sou wees nie.

Die belangrikste motief en taktiek van die Amerikaners was om die Sowjet Unie bloed te laat sweet deur hul betrokkenheid in Angola buitensporig duur te maak. In die praktyk het dit beteken die bloeding van Angolese boere, die grootste lyers in die oorlog wat meer as veertig jaar geduur het.

Soos talle klein burgeroorloë tydens die Koue Oorlog era, het dit ideologies voorgekom, en was aangevuur deur proksies van die kommunistiese Sowjet Unie en die kapitalistiese Amerika. Die Angolese oorlog was inderwaarheid ’n verlenging van ’n plaaslike geskiedkundige konflik. Om magtige bondgenote te verkry, het albei kante die gesange van die Sowjet Unie of Amerika gesing. Die supermoondhede is mislei om te glo dat hulle ware dissipels gehad het.

In die begin was Amerikaanse ondersteuning aan UNITA ‘n geheim, maar in 1985 het dit formeel meer bekendgeraak dat die Amerikaanse befondsing vir hulpverlening ongeveer $27 miljoen dollar beloop het. In praktyk het die CIA reeds sedert die 1970’s hulp aan dié rebelle groep verleen. Hierdie oorlog, soos dikwels verklaar deur Amerikaanse diplomate was onoorwonne, tog was daar kans vir kompromieë en ’n regering van nasionale eenheid.

Hul beleid het egter tot die volgende gelei: ’n Marxistiese regime bewapen deur die Sowjet Unie en beskerm deur Kubaanse troepe wat voortgegaan het om ’n inkomste te genereer van olie, wat deur Amerikaanse olie-maatskappye ontgin was, maar waarvan die operasies ook aangeval was deur Amerikaans-ondersteunende rebelle. Angola was ’n bisarre vertoon van die Koue Oorlog asook een van die mees moorddadige oorloë.

[Uit *Africa: Altered States*, *Ordinary Miracles* deur R Dowden]

**BRON 2C**

Die onderstaande bron verduidelik die rol van Suid-Afrika in Angola, veral die rol van Magnus Malan die Suid-Afrikaanse Minister van Verdediging en hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag.


Magnus Malan was, vanweë sy sistematiese onderdrukking teen die mense van Suid-Afrika en die streek as geheel, in ’n poging om wit heerskappy en kapitalisme te verdedig dikwels as ’n oorlogsmisdadiger beskou. Dit was onder sy leierskap dat die Suid-Afrikaanse weermag, soos swerms sprinkane, dood en verwoesting agtergelaat het. Dit was ook deur die Verenigde Nasies bereken dat teen die einde van apartheid meer as $80 miljard dollar se vernietiging en ekonomiese skade aangerig is in Angola en die streek van Suider-Afrika in die algemeen. Meer as 2 miljoen mense het gesterf, is vermink, verplaas of het vlugtelinge geword, soos hul uit die gebied gevlug het. In Angola, het die Suid-Afrikaanse Weermag ‘n konvensionele en onreëlmatige oorlog gevoer ter ondersteuning van UNITA teen die MPLA en hul Kubaanse bondgenote. Suid-Afrika het ook soortgelyke operasies in Namibië en Mosambiek uitgevoer, wat die stabiliteit van die streke bedreig het.

Die Suid-Afrikaanse Weermag in samewerking met sekere elemente van die Amerikaanse regering het alles in hul vermoë gedoen in ’n poging om Jonas Savimbi in Angola te vestig. Hulle drie-fase operasie is deur hul ingestel bekend as: ‘Modular, Hooper en Packer’ om sodoende vernietiging binne Angola te verseker. Hierdie militêre toetrede is by Cuito Cuanavale stopgesit en die Suid-Afrikaners is beslis verslaan.

[Uit *https://www.pambazuka.org/human-security/magnus-malan-and-crimes-against-humanity-africa.* Toegang verkry op 5 Mei 2021.]

**BRON 2D**

Die onderstaande spotprent deur Zapiro het in *The Sowetan* koerant op die 29ste Oktober 1998 verskyn. Dit het die werk van die Waarheids-en-Versoeningskommisie geëvalueer.




[Uit *https://blogs.litnet.co.za/abrham/2011/07/24/magnus.* Toegang verkry op 1 April 2021.]

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE GREENSBORO SITSTAKINGS OP DIE BURGERREGTE BEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960'S GEHAD?**

**BRON 3A**

Die onderstaande bron verduidelik hoe die verskillende vorme van protes bygedra het tot die einde van segregasie in Amerika.

Blanke suidelike weerstand wat voortgespruit het uit die bekende Brown versus die Raad van Topeka-uitspraak**,** was aanduidend dat aparte fasiliteite grootliks bygedra het tot ongelykhede soos segregasie in die openbare onderwyssektor. Dit was ook as ongrondwetlik verklaar. Die stadige tempo van verandering het ongeduld gestimuleer veral onder die jong Afro-Amerikaners sedert die begin van die 1960's. Hulle het tot die slotsom gekom dat hul nie langer vir verandering kan wag nie, dit was dus noodsaaklik dat hul verandering vinniger wou sien gebeur.

Die Montgomery Bus Boikot, wat deurlopend in 1956 plaasgevind het, was veral aanduidend dat direkte aksie deur 'n groot groep mense inderdaad kan werk. Die sitstakings by 'n Woolworths middagete-toonbank deur vier kollege studente van Greensboro het 'n dekade van aktiwiteite ingelui. Ook 'n tydperk wat die einde van Jim Crow beteken het.

Die verwydering van segregasie in publieke areas en die "Slegs Blankes" en "Slegs Nie-blanke" aanduidings was geensins 'n oorwinning nie. Sedert die eerste sitstaking het Ella Baker, die voetsoolleier wie se aktivisme terugdateer na die 1930's en wat adviseur was vir die studente van die Student Nonviolent Coordinating Committee (SNCC) gestig het, het vanaf die eertse sitstaking dit duidelik gemaak dat die stryd veel groter was "as 'n hamburger of selfs 'n reuse Coke koeldrank". Daar was Veel meer op die spel vir hierdie aktiviste, as om die harte van die wittes te verander.

Toe die sitstaking deur Atlanta versprei het, het betogters se eise toegeneem wat werksgeleenthede, beter gesondheidsorg, hervorming van die polisie- en regstelsel, opvoeding en stemreg vereis het. Demonstrasies in Maart 1963 in Birmingham, onder die leierskap van Fred Shuttleworth se Alabama Christian Movement for Human Rights, wat ook geaffilieer was by die SCLC (Southern Christian Leadership Conference), het nie net 'n einde aan segregasie vereis in die winkels in die middestad geëis nie, maar ook werksgeleenthede vir swart Amerikaners in besighede en die munisipaliteit. Die optog na Washington in Maart 1963 was hoofsaaklik onthou as die geleentheid waar Martin Luther King Jr., sy droom verkondig het, was 'n demonstrasie vir "werk en geregtigheid."

[Uit *http://nationalhumanitiescenter.org/tserve/freedom/1917beyond/essays/crm.htm*. Toegang verkry op 19 Maart 2021.]

**BRON 3B**

Die onderstaande bron fokus op die moedige oomblik van die Greensboro vier studente wat 'n sterk standpunt ingeneem het teen segregasie en ondersteuning daarvoor gekry het in die 1960's in Amerika.

Die middag van 1 Februarie 1960, het vier studente, David Richmond, Franklin McCain, Jibreel Khazan en Joseph McNeil van Noord-Carolina se Landbou-en Tegniese Kollege in die F.W. Woolworths winkel in die middestad van Greensboro ingestap. Na die aankope van 'n paar persoonlike items het hul by die middagete-toonbank gaan sit en probeer bestel. Omdat die studente swart was, het die personeel geweier om hulle te bedien. Hul het bly sit en met sluitingstyd het hul, hulself voorgeneem om die volgende dag terug te keer.

Sitstakings was al dekades lank 'n belangrike taktiek (metode) in die burgerregte-stryd maar die sukes daarvan was 'n kwessie van tyd. Alhoewel soortgelyke sitstakings op 'n toetsbabsis in Nashville voorgekom het, was dit egter die Greensboro voorval wat nasionale aandag verkry het. Die vier studente het die volgende dag teruggekeer met 25 ander saam hul en teen dag 5 van die sitstakings, was daar reeds meer as 300 ondersteuners, waarvan sommige van hul witmense was. Om die beurt het die sitstakings by die middagete-toonbank voortgeduur.

Alhoewel Greensboro altyd beskou was as 'n "gematigde" suidelike stad het spanning tussen wit en swart toegeneem. Die spanning het meer voelbaar begin raak soos wat bendes, meestal bestaande uit wit jeug talle beledigings na die studente-betogers geslinger het. Die kontras tussen die gedissiplineerde studente en die oproerige wit kwaadstokers was voelbaar vir die joernaliste wat media dekking aan die situasie verleen het. Soos die ondersteuning vir die Greensboro vier, veral in die noorde toegeneem het, het sitstakings en "sit-downs" vinniger deur die suide begin versprei. Teen die einde van die jaar was daar meer as 100 sulke protesaksies deur die state van die ou Konfederasie toegeneem.

In Greensboro kon 'n moratorium nie 'n effektiewe oplossing meegebring nie. Met die terugkeer van die studente het die bestuur alle dienste by die middagete-toonbank gestaak. Verliese het toegeneem as gevolg van 'n landswye boikot wat toegeneem het. Woolworths het toegegee en sy middagete-toonbanke oopgemaak vir betalende klante van enige ras.

[Uit *https://www.abajournal.com/magazine/article/feb._1_1960_students_spark_ civil_rights_sit-ins_at_lunch_counters.* Toegang verkry op 19 Maart 2021.]

**BRON 3C**

Die onderstaande bron is aanduidend van die invloed wat die Greensboro vier op ander studente in Georgia, Atlanta gehad het.

Op 16 Februarie 1960, twee weke nadat die Greensboro sitstakings begin het, het die Georgia staatswetgewing in Atlanta bepaal dat dit ‘n misdaad was, indien ’n persoon sou weier om ’n plek te verlaat in opdrag van die bestuur van die betrokke onderneming. Die Appèlkomitee vir Menseregte het ’n direkte aksie-veldtog geloods. Op 15 Maart 1960, het 200 studente deelgeneem aan verskeie sitstakings in 10 verskillende areas, insluitend die landdroskantoor, die stadsaal, bushaltes en die treinstasie. Goewerneur Ernst Vandiver het arrestasies vereis wat gelei het dat 77 studente na tronke gestuur is. Die National Association of Colored People (NAACP) het regsverteenwoordiging aan die studente gebied.


In Mei 1960, het die Ku Klux Klan ’n 500-ledetal samekoms gehad. Dit het egter swart Amerikaners gemotiveer om ’n dokument te onderteken waarin hul, hulself beroep het tot die erkenning van hul menseregte en om ’n “kneel-in” veldtog te begin. Dit was minder suksesvol as die sitstakings. Gefrustreerd dat swart koerante nie die studente se oortuigings rakende die gebeure sal publiseer nie, het COAHR (The Committee on the Appeal for Human Rights) hul eie koerant begin publiseer en 20 000 eksemplare is na swart kerke versprei.

In ’n belangrike stap het Dr Martin Luther King Jr., by die studente aangesluit in hul aksie van ongehoorsaamheid. Op 19 Oktober is hy gearresteer. Daar was ’n nasionale verontwaardiging oor sy inhegtenisneming en Robert Kennedy het die goewerneur van Georgia gebel en geëis dat hy vrygelaat moes word. King is twee dae later vrygelaat. Die toenemende sitstakings het verkope syfers met 13% laat daa. Ten slotte het wit besigheidseienaars die swart leierskap ontmoet om ’n plan tot desegregasie te bespreek.

[Uit *https://nvdatabase.swarthmore.edu/content/atlanta-students-sit-us-civilrights-1960 -1961*
Toegang verkry op 19 Maart 2021.]

**BRON 3D**

Die titel van die onderstaande bron dui: '*Dit is ek in die foto, Hunter Gray'.* Hy was aangeval tydens 'n burgerregte protesaksie in Jackson, Mississippi, op 28 Mei 1963. Hy het verklaar: *'Iemand het die agterkant van my kop met 'n rand van 'n gebreekte suikerhouer gesny. Daar was baie bloed'.*




[Uit *https://www.theguardian.com/artanddesign/2015/mar/27/hunter-gray-1963-jackson-mississippi-sit-in#img-1.* Toegang verkry op 19 March 2021.]

## ERKENNING

Visuele bronne en ander historiese bewyse is van die volgende verkry:

[https://www.abajournal.com/magazine/article/feb._1_1960_students_spark_civil_rights_sit-ins_at_lunch_counters]

[https://nvdatabase.swarthmore.edu/content/atlanta-students-sit-us-civilrights-1960 - 1961]

[https://www.theguardian.com/artanddesign/2015/mar/27/hunter-gray-1963-jackson-mississippi-sit-in#img-1]

[http://nationalhumanitiescenter.org/tserve/freedom/1917beyond/essays/crm.htm]

[https://blogs.litnet.co.za/abrham/2011/07/24/magnus]

[https://www.pambazuka.org/human-security/magnus-malan-and-crimes-against-humanity-africa]

[Africa: Altered States, Ordinary Miracles by R Dowden]

[https://history.state.gov/milestones/1969-1976/angola]

[//www.afsa.org/helping-europe-help-itself-marshall-plan.]

[://www.nationalarchives.gov.uk/education/resources/cold-war-on-file/iron-curtain-speech/.]

[https://your-instructions-from-moscow.tumbir.com/post/157795653745/while-the-shadow-lenghtens-edwin-marcus-new-york]

**EINDE**

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Hoekom, volgens die bron, wou die VSA dat die Russe uit Angola onttrek? (2 x 1) (2)

2.2.2 Met behulp van die bron en jou eie kennis, lewer kommentaar op die stelling dat die Amerikaners se taktiek hoofsaaklik daarop gemik was "om die Sowjetunie te laat bloei deur haar ondernemings in Angola duur te maak”. (1 x 2) (2)

2.2.3 Verduidelik waarom Amerika se steun vir UNITA oorspronklik geheim gehou is. (1 x 2) (2)

2.2.4 Met behulp van die bron en jou eie kennis, verskaf 'n rede waarom die teenwoordigheid van Kubaanse en Russiese troepe in Angola 'n bedreiging vir Suid-Afrika was. (2 x 1) (2)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Hoekom, volgens die bron, het Magnus Malan as 'n oorlogsmisdadiger gekwalifiseer? (1 x 1) (1)

2.3.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat Suid-Afrika gekant was teen die kommunistiese ideologie van die MPLA. (1 x 2) (2)

2.3.3 Gebruik die bron om die waarde van die ekonomiese skade wat Suid-Afrika in Angola en Suidelike Afrika in die algemeen, veroorsaak het, te bepaal. (1 x 1) (1)

2.3.4 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron, identifiseer DRIE maniere hoe Suid-Afrika die menseregte van die mense van Angola geskend het. (3 x 1) (3)

2.3.5 Verduidelik die beperkings van hierdie bron aan 'n historikus wat Suid-Afrika se betrokkenheid in Angola bestudeer. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word. Gebruik visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4.2 Ondersoek die figuur gemerk UNITA. Verduidelik wat die grootte en ligging daarvan voorstel met betrekking tot UNITA se verhouding met Suid-Afrika. (1 x 2) (2)

2.4.3 Lewer kommentaar op die gebare en gesigsuitdrukking van die gorilla. (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bronne 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron C die getuienis in Bron D ondersteun rakende die betrokkenheid van Magnus Malan en Suid-Afrika in Angola. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die betrokke bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT lyne (ongeveer 80 woorde) en verduidelik die aard van die buitelandse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE GREENSBORO SITSTAKINGS OP DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960'S GEHAD?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Wat, volgens die bron het die Brown vs. die Raad van Topeka- uitspraak verklaar oor afsonderlike fasiliteite? (1 x 1) (1)

3.1.2 Gebruik die bron om DRIE vorme van nie-gewelddadige protes-aksies te identifiseer wat gebruik was om segregasie in Amerika te beëindig. (3 x 1) (3)

3.1.3 Gebruik jou eie woorde om die konsep *Jim Crow* te definieer. (1 x 2) (2)

3.1.4 Gebruik die inligting in die betrokke bronne en jou eie kennis en lewer kommentaar op die stelling, ' die stryd was baie groter as 'n hamburger of selfs 'n reuse Coke'. (2 x 2) (4)

3.1.5 Vanuit die bron, gee TWEE eise wat deur betogers van die Burgerregtebeweging in Atlanta in 1960 gestel is. (2 x 1) (2)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Identifiseer die name van die VIER studente in die bron wat diens geweier was by F.W. Woolworths, Greensboro. (4 x 1) (4)

3.2.2 Verduidelik hoe die uitkomste van die sitstakings in Greensboro steun aan die Burgerregtebeweging verleen het. (2 x 2) (4)

3.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om die rol wat die media in die bevordering van die Burgerregte betogings te verduidelik,. (2 x 2) (4)

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Lewer kommentaar oor die doel van die staatswetgewing wat in Atlanta aangeneem is oor die sitstakings. (1 x 2) (2)

3.3.2 Haal uit die bron aan, TWEE openbare plekke waar die 200 studente geprotesteer het. (2 x 1) (2)

3.3.3 Verduidelik waarom die “kneel-ins” betogings nie so wyd verspreid was nie. (1 x 2) (2)

3.4 Verwys na Bronne 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C ondersteun rakende die toename in ondersteuning vir die sitstakings in die Amerikaanse state. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik Bron 3D.

3.5.1 Watter boodskappe, dink jy beeld die foto uit oor die sitstakings? (2 x 2) (4)

3.5.2 Verduidelik waarom Bron D as nuttig beskou kan word vir 'n historikus wat die ervarings van die studente wil ondersoek wat aan die sitstakings deelgeneem het. (2 x 2) (4)

3.6 Deur gebruik te maak van die inligting en bewyse in die bronne, sowel as jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT lyne (ongeveer 80 woorde) om die impak van die Greensboro sitstakings op die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960's te verduidelik. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE: VIËTNAM

Die konvensionele oorlogvoering strategie wat deur die Verenigde State van Amerika aangeneem is, is oorweldig deur die guerrilla-taktiek wat tussen 1965 en 1975 deur die Viëtkong tydens die Vietnamese Oorlog gebruik is.

Stem jy saam met hierdie stelling? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: DIE KONGO

Wat beide sy politieke en ekonomiese beleid beskou, was Mobuto Sese Seko se leierskap ondoeltreffend, en het uiteindelik sy land benadeel.

Bespreek die bogenoemde stelling krities deur relevante bewyse te gebruik om jou argumentslyn te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING BETOGINGS VAN DIE 1950'S TOT DIE 1970's: SWART KRAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate Malcolm X, Stokely Carmichael en die Black Panther Party daarin geslaag het om die filosofie van Swartmag onder die Afro-Amerikaners in die 1960's te vestig.

Gebruik relevante inhoud om jou argumentslyn te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2021

# NASIENRIGLYNE

| GESKIEDENIS (VRAESTEL 1) (10791) |
| --- |

**23 bladsye**

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe vlakke | Historiese vaardighede | Gewigtoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Uittrek inligting uit bronne<br>• Keuse en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte | **30%<br>(15 punte)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20 punte)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Bepaal die nuttigheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15 punte)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- In die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde gegee word.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument te struktureer in 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kies, organiseer en saamvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ‘n 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n gevolgtrekking het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die sentrum gebruik word.
- Kandidate kan enige ander relevante inleiding en/of gevolgtrekking hê as dié wat by 'n spesifieke opstel nasienriglyn vir 'n spesifieke opstel ingesluit is.
- Wanneer brongebaseerde opevrae geassesseer word, moet die leerders vir alle ander relevante antwoorde gekrediet word.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel sal holisties (wêreldwyd) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die algehele produk aanteken, sonder om die dele afsonderlik aan te teken. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening te bied deur geselekteerde feitelike bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om bloot 'feite' te heroorweeg om 'n hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig leerders om 'model' antwoorde voor te berei en hulle te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag te oorweeg. Holistiese assessering, in teenstelling met inhoudsgebaseerde assessering plaas klem op die volgende:

- Die konstruksie van die argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om die argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assessering van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante <u>inleiding</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke <u>hoofaspek</u> <u>/liggaam</u> van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante <u>gevolgtrekking</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne).
Byvoorbeeld, in 'n opstel waar daar vyf (5) hoofpunte is, kan daar ongeveer sewe (7) regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte tydens die nasien van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n arguments/ 'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt insluit wat die belangrikste (argumentslyn) onderhou wat in die inleiding bekendgestel is. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te kies wat relevant is vir die lyn van argument.<br>Relevante voorbeelde moet gegee word om die argumentslyn te onderhou. |
| **L** | **Skakel:** Die kandidate moet verseker dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en gevolgtrekking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ______________
- Irrelevante inligting | | |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Lyn van Argument ↕ LOA

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle moet die kriteria soos voorsien in die matriks gebruik word. Tydens die assessering van ‘n opstel, let op na die inhoud en aanbieding.

1. Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE – TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | **47 – 50** | **43 – 46** | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | **43 – 46** | **40 – 42** | **38 – 39** | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | **38 – 39** | **36 – 37** | **34 – 35** | **30 – 33** | **28 – 29** | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30 – 33** | **28 – 29** | **26 – 27** | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26 – 27** | **24 – 25** | **20 – 23** | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20 – 23** | **18 – 19** | **14 – 17** |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14 – 17** | **0 – 13** |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:

- Vraag glad nie aangespreek nie / heeltemal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Antwoord sluit basiese en oor die algemeen irrelevante inligting in = 1 – 6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; min poging om die opstel te struktureer = 7 – 13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE USSR EN DIE VSA TUSSEN 1945 EN 1949 HUL INVLOEDSFERE IN EUROPA GESKEP?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- Joseph Stalin – USSR/Rusland
- Winston Churchill – Brittanje
- Harry Truman – VSA (3 x 1) (3)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – L2]*

- Om onderhandelde terme aan die einde van WO2 te bespreek
- Om besluitneming oor die toekoms van Duitsland te maak
- Om reparasies te bespreek

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.1.3 **[***Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- Hy het gevoel dat die USSR se besluit te hard op Duitsland was.
- Wou hê ander besettingsnasies moet ook baat vind by reparasies.
- Roosevelt wou verhoed dat 'n soortgelyke situasie sou ontstaan wat sou lei tot die opkoms van die Nazi's. (2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – L2]*

- Onderhandelings het die status van 'n gedemilitariseerde en ontwapende Duitsland onder vier sones van besetting gevestig.
- Elk van die vier lede van die Geallieerdes is 'n sone volgens bevoegdheid toegeken.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – L 1]*

- USSR se bedoeling bevraagteken
- Enige perke met die doel om uit te brei

(Enige een van bogenoemde) (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – L2]*

- 'n Titel in die weermag
- Leier van 'n regiment

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

1.2.3 *[Definisie van ‘n historiese bewys uit Bron 1B – L1]*

- Ideologiese/denkbeeldige lyn verdeel Europa in twee invloedsfere, kapitalistiese Weste en ‘n kommunistiese Ooste.
- Verdeling van Europa in twee invloedsfere, kommunisme – Oos en kapitalisme – Wes.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – L2]*

- Gevrees dat kommunisme sal versprei in Sentraal- en Oos-Europa, en uiteindelik in Wes-Europa.
- Gevoel dat die VSA sou verloor het teen kommunisme in Sentraal- en Oos-Europa.
- Wou kapitalisme in Sentraal- en Oos-Europa bevorder.
- Dat kommunisme vinniger versprei het as wat verwag is ten koste van kapitalisme.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.2.5 *[Analiseer en interpreteer die betroubaarheid van Bron 1B – L3]*

Betroubaar:

- Toespraak deur Winston Churchill, Britse Eerste Minister.
- Die bron het die presiese datum/tydraamwerk van die Koue Oorlog.
- Kan met ander bronne bevestig word.
- Verduidelik die omvang van die verspreiding van kommunisme in Sentraal- en Oos-Europa.
- Verskaf gronde vir VSA se Domino Teorie.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van ‘n spotprent, Bron 1C – L2]*

- Toon die gevaar van kommunisme in Wes-Europa as die Marshall-plan nie spoedig geïmplementeer word nie (Russiese beer beweeg na Wes-Europa)
- Verskaf die omvang van die verspreiding van kommunisme in Europa (Die tempo / spoed van die skaduwee)
- Wys hoe kommunisme na Wes-Europa versprei het (Terwyl die skaduwee verleng)

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.3.2 *[Verduideliking van simbole van Bron 1C – L1]*

(a) (Beer) USSR (1 x 1) (1)
(b) (Withuis) VSA (1 x 1) (1)

1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1D – L2]*

- Beheer van inflasie
- Herlewing van handel / Herstel van produksie (2 x 1) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1D – L2]*

- Europeërs koop in by die ERP/Ekonomiese herstelplan
- Europeërs stem in tot die basiese bepalings van die hulp-pakket
- Europeërs was ontvanklik vir kapitalisme.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.4.3 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1D – L1]*

- Dit was moeiliker vir ondersteuners om te propageer vir bykomende hulpfondse onder die ERP. (Ekonomiese herstelplan)
- Na aanleiding van die uitbreek van die Koreaanse Oorlog in 1950, het Amerikaanse belangstelling in internasionale hulp verskuif na ekonomiese ontwikkeling in die rigting van verdediging, befondsing en militêre ondersteuning aan Europa, as teenvoeter teen die Sowjetunie en internasionale kommunisme. (2 x 1) (2)

1.4.4 *[Vergelyking van inligting: Bronne 1C en 1D – L3]*

- Bron 1C beeld die na-oorlogse Wes-Europa uit as ‘n bedreiging deur die Russiese skaduwee terwyl Bron 1D erken dat sonder Amerikaanse hulp, was dit nie moontlik vir Wes-Europa om sy ekonomie te herstel nie.
- Bron 1C toon die Marshall-plan as 'n plan om Wes-Europa te red, terwyl Bron 1D toon dat die Marshall-plan daarop gemik was om die ekonomieë van Wes-Europa te herstel en te laat herleef.
- Beide Bronne 1C en 1D beklemtoon dat die Marshall-plan 'n kapitalistiese plan was om Wes-Europa teen Sowjet-oorheersing en kommunisme te beskerm.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.5 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse van relevante bronne – L3]*

- Die verdeling van Duitsland tydens die Potsdam en Yalta-konferensies na afloop van WO2 in 1945, het tot die opkoms van die Koue Oorlog gelei. (Bron 1A)
- VSA het ten doel om kapitalisme te versprei wat in Wes-Europa ontstaan het, terwyl die USSR ten doel het om kommunisme in Oos-Europa te versprei.(Eie kennis)
- Die voormalige Britse eerste minister, Winston Churchill verwys na die verdeling van Europa in kapitalisme en kommunisme, as die "Ystergordyn". (Bron 1B)
- Die Ystergordyn het Wêreldvrede en die outonomie van nasies bedreig. (Bron 1B)

- Elkeen van die twee supermoondhede (VSA en USSR) wou hê hul ideologie moet politieke oorheersing toon. (Eie kennis)
- Die bekendstelling van die Marshall-plan het die verhouding tussen USSR en die VSA verder gespanne gemaak. (Bron 1C)
- VSA beskou die Marshall plan as die middel om Wes-Europa te red van Sowjet-oorheersing. (Bron 1C)
- Die Marshall-plan het massiewe befondsing aan sukkelende Wes-Europese lande verskaf om hul verswakte ekonomieë te red. (Bron 1D)
- Die Marshall-plan het ‘n doel voor oë gehad om kapitalisme te bevorder. (Bron 1D)
- USSR het die Marshall-plan as ‘n 'Dollar diplomasie' beskou. (Eie kennis)
- USSR het haar eie ekonomiese plan (COMECON) ingestel om die Marshall-plan teen te staan. (Eie kennis)

(Enige ander relevante antwoord) (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, byvoorbeeld toon geen of min begrip **van hoe die USSR en die VSA hul invloedsfere in 1945 geskep het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, byvoorbeeld **wys hoe die USSR en die VSA hul invloedsfere in 1945 geskep het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese wyse om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, byvoorbeeld toon **'n deeglike begrip van hoe die USSR en die VSA hul invloedsfere in 1945 geskep het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n goeie begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6 – 8** |

**[50]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE AARD VAN BUITELANDSE BETROKKENHEID BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

- Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA)
- National Front for the Liberation of Angola (FNLA)
- The National Union for the Total Independence of Angola (UNITA)

(3 x 1) (3)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

- VSA
- Zaïre
- China (enige 2 x 1) (2)

2.1.3 *(Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2A – L2]*

- 'n Konflik tussen twee of meer groepe binne dieselfde land. In die geval van Angola, tussen UNITA en ander rebelle-groepe aan die een kant en die MPLA aan die ander kant.

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie en verduideliking van inligting uit Bron 2A – L2]*

- Hulle wou die MPLA as mede-Marxiste ondersteun.
- Hulle het 'n gemeenskaplike ideologie gedeel
- Hulle wou die val van die MPLA voorkom.
- Hulle wou die belange van die VSA in Afrika ondermyn.
- Hulle het die strategiese belangrikheid van Angola besef.
- Hulle wou die verspreiding van kommunisme bevorder.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.1.5 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]

- Hulle wou nie gesien word as die ondersteuners van apartheid in SA nie.
- Hulle wou nie die reputasie van die VSA beskadig deur te assosieer met die apartheidsregime nie.

(Enige ander relevante reaksie) (1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*

- Angola het olie gehad.
- Angola het goeie hawens aan die Atlantiese kus gehad.
- Die vooruitsig van 'n Russiese vlootbasis in die area het Washington bekommerd gelaat.

(Enige een van die bogenoemde) (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*

- Amerika wou hê die USSR moet onnodig geld en hulpbronne in die Angolese konflik spandeer.
- Amerika wou hê die konflik moet te duur word vir die USSR om hul betrokkenheid te handhaaf.
- Hulle wou hê die USSR se ondersteuning aan die MPLA moet duur word tot op die punt dat hulle die gebied verlaat het.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*

- Wou nie ‘n oop konflik met USSR waag nie.
- Wou nie as die aggressor verskyn nie.
- Was bekommerd oor hul beeld van aansien.
- Was bekommerd oor Amerika se openbare mening as gevolg van die ooreenkomste met die konflik van die Viëtnamese-oorlog.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*

- SA regering was kapitalistiese/pro-Westers, dus anti-kommunisties.
- MPLA was ten gunste van die ANC/teen apartheid gekant.
- MPLA ondersteun SWAPO in Namibië.
- SA wou die steun van VSA hê.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – L1]*

- “Hy was beskou as verantwoordelik vir die sistematiese onderdrukking wat teen die mense van Suid-Afrika en die streek as geheel uitgevoer is ter verdediging van wit heerskappy en kapitalisme.” (1 x 1) (1)

2.3.2 [*Onttrekking* van bewyse uit Bron 2C – L1]

- “ter verdediging van wit heerskappy en kapitalisme” (1 x 2) (2)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – L1]*

- meer as $80 miljard (1 x 1) (1)

2.3.4 *(Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – L1]*

- Meer as twee miljoen persone is dood.
- Mense is vermink.
- Mense is ontwortel.
- Mense is vlugtelinge gemaak. (Enige 3 x 1) (3)

2.3.5 *[Evalueer die getuienis /bepaal beperkings/eensydigheid vanuit Bron 2C – L3]*

- Openbaar SA in 'n negatiewe lig.
- Bron beeld nie die standpunt van SA uit nie.
- Beeld slegs die standpunt uit van Angola/MPLA/diegene wat SA/UNITA teenstaan.
- Bron beeld SA uit as die skuldige.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Magnus Malan/SA is 'n bedreiging vir Angola/Suider-Afrika (hy klop sy bors, groei ensovoorts in Angola/Afrika).
- Magnus Malan/SA beskerm/help UNITA (die klein man met die etiket UNITA kruip agter sy been weg)
- Malan/SA is gevaarlik/gewelddadig ens.(die gorilla vertoon gewelddadig/dreigend).
- SA is die werklike mag agter UNITA (Malan is baie groter en meer dreigend as die klein UNITA-figuur).

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- UNITA is minder betekenisvol of kragtig as SA.
- UNITA word beskerm deur die groter SA.
- UNITA is die junior of swakker vennoot van SA.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Malan (die reuse-aap/gorilla) klop sy bors op 'n dreigende wyse – hy dreig Angola/Suider-Afrika.
- Malan groei – Hy / SA is gevaarlik.
- Hy wys/openbaar sy tande – hy lyk dreigend en gevaarlik: Hy/SA is 'n gevaar vir Angola.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2D – L3]*

- Bron 2C: noem Malan; Bron 2D: is hy sigbaar.
- Bron 2C beskryf hom as 'n oorlogsmisdadiger; in Bron 2D sien ons hom in 'n militêre uniform.
- In Bron 2C word hy as aggressie beskryf; in Bron 2D sien ons hom aggressief/dreigend optree.

- In Bron 2C Malan/SA word beskryf as 'n aanvaller van Angola en Suider-Afrika, en in Bron 2D sien ons hom op 'n kaart van Suider-Afrika staan.
- In Bron 2C word ons meegedeel dat SA, UNITA ondersteun het; in Bron 2D sien ons 'n klein UNITA figuur, beskerm deur Malan.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne en eie kennis – V3]*

**Kandidate moet 'n begrip toon van hoe buitelandse nasies soos SA/VSA/Kuba by Angola betrokke geraak het, wat hul betrokkenheid behels het en hoe dit Angola geraak het.**

- Die Burgeroorlog in Angola het 'n koue oorlogsveld geword (Bron 2A).
- Die VSA het die FNLA en UNITA (Bron 2A) bygestaan.
- Zaïre en China het die FNLA bygestaan (Bron 2A).
- Die USSR het die MPLA (Bron 2A) bygestaan.
- Die MPLA het lang verhoudings met Kuba gevestig wat hulp verleen het (Bron 2A).
- Die VSA wou Angola aan die VSA weier (Bron 2B).
- Die teenwoordigheid van Kubane en die Sowjetunie was 'n bedreiging vir SA (Bron 2B).
- SAW het dood en verwoesting in Angola veroorsaak (Bron 2C en 2D).
- Meer as twee miljoen persone is dood, vermink, ontwortel of is van vlugtelinge gemaak (Bron 2C).
- SAW het $80 miljard se verwoesting veroorsaak asook menseregte skendings (Bron 2C).
- Magnus Malan/SA was 'n bedreiging vir Angola en Suider Afrika (Mosambiek)

(Enige ander relevante antwoord) (8)

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse. Toon min begrip van **die aard van buitelandse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groter mate verband met die onderwerp. Toon 'n begrip **van die aard van buitelandse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog.**<br>• Gebruik bewyse uit die bronne op 'n basiese wyse. | **PUNTE: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | Bewyse is relevant en hou verband met die onderwerp. Toon deeglike begrip **van die aard van buitelandse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog.**<br>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE: 6 – 8** |

**[50]**

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE GREENSBORO SITSTAKING OP DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960'S GEHAD?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- Segregasie in openbare onderwys as ongrondwetlik (1 x 1) (1)

3.1.2 **[***Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- Optogte
- Boikotte
- Sitstakings (3 x 1) (3)

3.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3A – L1]*

- Die Verenigde State se grondwetlike bepaling het die segregasie van openbare skole, openbare plekke, openbare vervoer, openbare toilette, restaurante en drinkfonteine tussen wit en swart mense voorgestel.
- 'n Versameling staats-en plaaslike wette wat segregasie van openbare instellings en ruimtes gewettig het.
- Staatswetgewing het bepaal waar swart mense kon woon, werk of reis.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Die Afro-Amerikaners was nie bekommerd oor wat die restaurante bedien het nie, hulle was hoofsaaklik bekommerd oor die uitsluiting gebaseer op rasse segregasie.
- Die wit oppergesag was uiters ontvanklik vir die Afro-Amerikaners dus die doel van die Burgerregtebeweging was om te veg vir vryheid en gelykheid soos in die Amerikaanse grondwet vermeld.
- Daar was tekens en beleide wat die Afro-Amerikaners gestigmatiseer het as minderwaardig, dit was die Burgerregtebeweging se doel dat hulle nie uit alle openbare ruimtes verbied of beperk word nie..
- Werksgeleenthede was beperk vir die Afro-Amerikaner dus het hulle in armoede geleef, die intensie van die Burgerregtebeweging was dat alle mense gelyke geleenthede gegee moes word en die reg het om te stem.
- Hulle kon nie 'n demokratiese land duld wat voortgegaan het om die Jim Crow-wette te handhaaf nie.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*

- Werksgeleenthede
- Gesondheidsorg
  Hervorming van die polisie en strafregstelsel
- Opvoeding
- Stemreg (enige 2 x 1) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*

- David Richmond
- Franklin McCain
- Jibreel Khazan
- Joseph McNeil (4 x 1) (4)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Die sitstakings het vinnig na ander state versprei, soos meer studente betrokke geraak het by die middag-etes se betogings.
- Die polisie het baie studente en leiers in hegtenis geneem wat die vasberadenheid versterk het om segregasie op alle openbare plekke te beëindig.
- Die sitstakings was gemobiliseer deur toenemende ondersteuners en het gelei tot meer diverse nie-gewelddadige veldtogte.

(Enige ander relevante reaksie) (2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Die koerante en televisie het Amerikaners die geweld gewys wat deur die onverskrokke blankes teen die nie-gewelddadige burgerregte-betogers gebruik was
- Die media het die regering aangemoedig om grondwetlike veranderinge te implementeer en alle burgers gelyk te behandel.
- Die media-dekking het internasionale reaksie gekry en sodoende verskillende menings oor Amerika was gevorm as 'n demokratiese land wat versuim het om segregasie te beëindig.
- Die sitstakings het 'n katalisator vir verandering geword omdat die media die omvang van geweld teen die betogers gedek het en sodoende die momentum en steun vir die burgerregte-betogings in alle state verhoog het..

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Die staat was vasbeslote om voort te gaan met die segregasie van die middagete-toonbanke, hoewel dit die regte van Afro-Amerikaners en die grondwet van Amerika bedreig het.
- Die staat het die wit besighede beskerm om te verseker dat hulle geen inkomste verloor nie.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*

- Landdroskantoor
- Stadsaal
- Bushaltes / stasies
- Spoorwegstasies/treinstasies (any 2 x 1) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Die betogers is weggewys en gedreig deur die Ku Klux Klan wat die huise van die betogers verbrand het.
- Die leiers van die Burgerregte beweging het nie die “kneel-ins” opgevolg of geëskaleer nie omdat hulle baie ondersteuning van die wit Baptiste kerk-lede ontvang het.
- Die “kneel-in”-veldtog het nie gegroei soos verwag nie.
- Die omvang van sukses wat behaal is, was tot 'n mindere mate suksesvol aangesien die betogings nie so wye media-dekking ontvang het nie.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en 3C – L3]*

- Bron 3B sê dat die Greensboro sitstakings vinnig versprei het van die Noorde na die Suide en Bron 3C beklemtoon dat 200 studente deelgeneem het aan die sitstakings in meer as 10 openbare plekke in Georgia.
- Bron 3B verduidelik dat teen die einde van die jaar 100 sitstakings uitgevoer was in verskillende Amerikaanse state en Bron 3C verklaar dat meer swart gemeenskappe die betogings ondersteun het, veral na die Ku Klux Klan optredes.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Die prentjie hieronder beeld uit hoe die wit bende kos, drankies en suiker op swart studente en wit ondersteuners gestort het wat stil gewag het om bedien te word.
- Die foto beeld uit hoe vyandig die wit studente was teenoor die Afro-Amerikaners wat geëis het om by die middagete-toonbank bedien te word.
- Studente regoor die land het aktiewe deelnemers aan die burgerregte beweging geword.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.5.2 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 3B – L3]*

**Die bewyse in die bron is nuttig omdat dit inligting bevat oor:**

- Hunter Gray wat 'n burgerregte-aktivis was, (aan die linkerkant op die foto), het in 1963 aan die Woolworths sitstaking deelgeneem, wat hierdie ikoniese foto opgelewer het..
- Die foto toon die haat gevoelens, kos en drank wat uitgestort was oor die drie betogers wat bly sit het, na aanleiding van Gandhi se nie-gewelddadige protes idees.
- Die foto is 'n primêre bron waarin die fotograaf 'n ooggetuie was van die geweld wat teen die drie betogers geopenbaar was.
- Die foto is regoor Amerika asook internasionaal gesien, en het die einde van die Jim Crow wette beteken.
- Dit sluit in 'n kort beskrywing van hoe hy deur die wit studente aangeval is.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.6 *Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul reaksie insluit:

- Die Greensboro sitstakings was 'n keerpunt in die stryd om burgerregte, want dit was geïnspireer deur ander nie-gewelddadige vorme van betogings wat die einde van die Jim Crow wette sou beteken. (Bron 3A)
- Die sitstakings het die vraag na werk, verbeterde maatskaplike dienste en die reg om te stem verhoog. (Bron 3A)
- Dit het die tempo van desegregasie van die Burgerregtebeweging verhoog en die aantal veelrassige ondersteuners wat die studente ondersteun het verhoog. (Bronne 3A)
- Die sitstakings het die weggebaan vir die Burgerregtewet van 1964 en die Stemregwet van 1965. (Bron 3A)
- Die sitstaking-aksie soos geloods in Greensboro, ( Woolworths ) was suksesvol omdat dit die krag van gewone mense se kollektiewe optrede teen die Jim Crow wette gedemonstreer het. (Bron 3B)
- Die sitstakings het die aandag van die nasionale media verkry wat media dekking aan die betogings gegee het en die ongeregtighede in Amerika blootgestel het. (Bronne 3B en 3C)

- Die opvatting van gelyke regte en rasse-integrasie in die Verenigde State van Amerika is ondersteun deur 'n paar wit betogers wat deelgeneem het aan die sitstakings.
- Woolworths en ander sake-eienaars het uiteindelik toegegee weens die negatiewe finansiële impak wat oor ses maande gestrek het. (Bronne 3B en 3D)
- Die gewelddadige dade van die wit studente het nie die betogers ontmoedig nie, veral die wit ondersteuners wat vasbeslote was om segregasie by die eet-toonbanke en in skole wou beëindig. (Bron 3C)
- In Nashville was die sitstaking-veldtog ook suksesvol, en die klem was gelê op 'n gedissiplineerde, nie-gewelddadige houding geïnspireer deur Gandhi.
- Die sitstakings het suksesvol soos 'n veldbrand van staat tot staat versprei, ongeag die talle polisie arrestasies soos onder die bevel van die Goewerneur. (Bron 3D)
- Talle organisasies het ontstaan soos die SNCC en COAHR om ondersteuning vir die Burgerregtebeweging te verkry in die VSA. (Bron 3D)
- Die swart kerke het die sitstakings ondersteun deur massavergaderings aan te bied, nuusbriewe te druk en te versprei wat nie-gewelddadige betogings aangemoedig het. (Bron 3D)
- Dr Martin Luther King Jr, Dianne Nash, Ella Baker en ander swart leiers het die sitstakings ondersteun, dus is openbare fasiliteite en restaurante uiteindelik gedesegregeer.

(Enige ander relevante antwoord) (8)

| VLAK | VLAK BESKRYWINGS | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse byvoorbeeld **toon min of geen begrip van die impak wat die Greensboro sitstakings gehad op die Burgerregtebeweging in die VSA in die 1960's**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, byvoorbeeld **toon 'n begrip van die impak wat die Greensboro sitstakings gehad het op die Burgerregtebeweging in die VSA in die 1960's**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese wyse om 'n paragraaf te skryf | **3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, **toon 'n deeglike begrip van die impak wat die Greensboro sitstakings gehad het op die Burgerregtebeweging in** die **VSA in die 1960's**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n goed georganiseerde paragraaf wat 'n goeie begrip van die onderwerp toon. | **6 – 8** |

**[50]**

**VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE: VIËTNAM**

[Beplan en bou 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretasie vaardighede - L3]

**SINOPSIS**

**Kandidate moet saamstem of verskil dat die konvensionele oorlogsvoering-strategie wat deur die Verenigde State van Amerika aangeneem is, oorweldig was deur die guerrilla-taktiek wat tussen 1965 en 1975 deur die Viëtkong gebruik was.**

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende in hul reaksie insluit:

INLEIDING: Kandidate moet 'n argument aanneem, deur saam te stem of nie dat die konvensionele strategie wat deur die Verenigde State van Amerika aangeneem was, oorweldig was deur die guerrilla-taktiek van die Viëtkong tydens die Viëtnamese Oorlog tussen 1965 en 1975.

Kandidate moet aandui hoe hulle van voorneme is om hul argumentslyn te ondersteun.

**UITBREIDING**

**VSA**:

- Redes vir die VSA se ontplooiing van troepe na Viëtnam.
- Strategiese kleindorpie-stelsel (Hamlet Program), waarby die VSA en Suid-Viëtnamese regering nuwe dorpies geskep het om te poog om dorpenaars (boere) te skei van guerrillas),- dit was egter ‘n mislukking.
- Resolusie van die Golf van Tonkim (1964) het president Johnson wye militêre magte gegee wat gelei het tot die toename in oorlogvoering in Vietnam.
- VSA se lugbom-aanval 'Operasie Rolling Thunder' (konvensionele oorlogsvoering).
- ‘Operation Ranch Hand’ – chemikalieë is gebruik om die woude en gesaaides te vernietig (Agent Orange) (Agent Blue).
- VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur.
- VSA gebruik soek- en- vernietig veldtogte (My Lai slagting) om die Viëtkong te vernietig (dit het gelei tot groot getalle burgerlike sterftes).
- Die rol van die media, studente en ontwapenings-bewegings om druk op die Amerikaanse regering te plaas om te onttrek vanuit Viëtnam.
- President Nixon se Viëtnamiseringsbeleid, insluitend WHAM (Wen die harte en gedagtes van die Viëtnamese) was 'n poging deur die VSA om aan die oorlog te onttrek en hul aansien te red.
- VSA onttrek alle troepe teen 1973 en Noord-Viëtnam neem beheer oor Saigon in 1975.

(Enige ander relevante antwoord)

**Viëtkong strategie**ë

- Noord-Viëtnam het militêre ondersteuning van die USSR en China ontvang sodat die Viëtminh en Viëtkong toegang tot 'n paar moderne wapens gehad het.
- Guerrilla- oorlogvoeringstaktiek is effektief deur die Viëtkong gebruik en ondersteun deur Viëtminh uit die noorde. Gebruik taktieke soos valstrikke, ondergrondse tonnels en sabotasie.
- Tet Offensief (1968) is van stapel gestuur deur die Viëtminh en Viëtkong teen stedelike sentrums en VSA basisse regoor Viëtnam.
- Die plaaslike Viëtnamese bevolking het die Viëtkong ondersteun om hul land te bevry.
- Ho Chi Minh Voetpad soos gebruik deur die Viëtminh (Noorde) om Viëtkong in die Suide te ondersteun.
- Die Viëtkong het sy ondersteuningsbasis verhoog as gevolg van die taktiek wat teen die Amerikaanse soldate gebruik was.
- Die Viëtnamese is verenig ter verdediging van hul land.

(Enige ander relevante antwoord)

**GEVOLGTREKKING**:

Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking bind. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: DIE KONGO**

[Beplan en bou 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretasie vaardighede]

**SINOPSIS**

**Kandidate moet beide Mobutu se politieke en ekonomiese beleide identifiseer. Kandidate moet ook bespreek hoe hy leierskap in albei beleide gebruik het.**

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul reaksie insluit:

**INLEIDING**

Kandidate moet die vraag kontekstualiseer deur na Mobutu se swak leierskap en ondoeltreffende/skadelike politieke en ekonomiese beleide te verwys. Hulle moet 'n standpunt inneem en aandui hoe hulle van plan is om hul argumentslyn te ondersteun.

**UITBREIDING**

Agtergrond:

- Mobutu het in die chaotiese jare aan bewind gekom, onmiddellik na onafhanklikheid van België verkry was, 'n tydperk wat gekenmerk was deur geweld en onrus.

Polities:

- Mobutu Sese Seko het aan bewind gekom deur 'n militêre staatsgreep.
- Hy het in 'n gesentraliseerde staat geglo.
- Mobutu Sese Seko het die Kongo in 'n eenpartystaat verander.
- Mobutu het 'n diktator geword.
- Opposisiepartye is stilgemaak en daar was bewyse van gevangenisstraf en menseregte-skendings.
- Die Kongo was hoogs gefragmenteerd langs etniese lyne.
- Mobutu was 'n instrument van die Weste (veral van die VSA) in die Koue Oorlog in Afrika.
- Hy het 'n kultus van persoonlikheid geskep, met homself in die middel van die Kongo se nasionale identiteit.

Ekonomies:

- Doel was om die ekonomie te ontwikkel of te diversifiseer, ekonomiese groei en werkskepping te bevorder om alle burgers te bevoordeel.
- 1973/4 Zaïrianisasie – die era van "Les Grosses Legumes" ("Die Groot Groente") – nasionalisering van die ekonomie – bates van buitelandse maatskappye en individue is op beslag gelê en na. Dit is op 'n baie chaotiese en onbeplande manier gedoen.
- Oorgeskakel om kapitalisme en buitelandse beleggings te bevorder wat effektief die westelike toegang tot Zaïre se hulpbronne gegee het.
- Mobutu se ekonomiese beleid is gekenmerk deur nepotisme en kleptokrasie, wat gelei het tot die skepping van 'n ryk, kragtige elite wat sy getrouheid aan Mobutu geskuld het.
- Persoonlike verryking en vermorsing van hulpbronne (bv. op sy paleis by Gbadolite).
- Inflasiekoerse het 100% bereik en maatskaplike welsyn is gesny. Produksie en uitvoere het gedaal.
- Aanvaarde buitelandse hulp. (Blumenthal Report) – Blumenthal was die Wêreldbank se verteenwoordiger in Zaïre. In 'n uitgelekte verslag het hy gesê dat daar geen kans was dat die land ooit sy skuld sou terugbetaal nie.

(Enige ander relevante antwoord)

Uiteindelik as gevolg van druk van die Weste, wat befondsing afgesny het, het gelei tot 'n afname in sy mag, rebellie en uiteindelike dood in ballingskap.

**GEVOLGTREKKING**

Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking bind. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING BETOGINGS VAN DIE 1950'S TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

[Beplan en bou 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretasie vaardighede]

**SINOPSIS**

**Kandidate moet verduidelik tot watter mate Malcolm X en Stokely Carmichael ‘n rol gespeel het in die bevordering van die Swartmag filosofie, die inskerping van rasse trots en die ontwikkeling van selfstandigheid onder Afro-Amerikaners in die VSA in die 1960's. Kandidate moet relevante voorbeelde gebruik om hul argumentslyn te ondersteun.**

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul reaksie insluit:

**INLEIDING**

Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui tot watter mate die Swartmag-beweging se leiers ‘n rol gespeel het in die bevordering van swartmag, die verskerping van swart trots en die ontwikkeling van selfrespek onder Afro-Amerikaners.

**UITBREIDING**

- Redes vir die opkoms van die Swartmagbeweging: woon in ghetto’s en krotbuurte / swak behuising; swak fasiliteite (skole, gesondheid ens.); gebrek aan werk en armoede, stadige tempo van verandering/verlies aan geloof in die Burgerregte-beweging, pogings tot bevordering van die swartmag filosofie.
- Die rol van Malcolm X: (invloedryk, doen ‘n beroep op toenemende swart skeiding, veg vir selfbeskikking en pleit vir selfrespek en selfdissipline).
- Die rol van Stokely Carmichael: pleit vir die beginsels van swartmag, (doen dinge vir hulself; beheer politiek in hul gemeenskappe; is trots op hul eie kultuur; verdedig hulself teen rasse-onderdrukking en manipulasie en in 1966 het hy die swartmag slagspreuk 'Black is beautiful' / “Swart is mooi” gewild gemaak.
- Die rol van die Black Panther Party (vir selfverdediging) – in aksie gestel: ‘n swart trots filosofie. Pogings om rasse trots te vestig: Aanvaarding van ‘n Afrika-identiteit. Die bevordering van die konsep van Afrika-identiteit deur slagspreuke soos: 'Swart is mooi', die bevordering van die Afro-haarstyl en Afrika-klere.
- Erkenning van Afrika-erfenis, musiek en literatuur.
- Die Tienpunt-plan van die Black Panther Party (fokus op die sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte) pogings tot die ontwikkeling van selfrespek.
- Aksies van selfgelding (bv. rasse onluste in Watts, Detroit en Newark).
- Wou dat Afro-Amerikaners opstaan teen wit Amerikaanse owerhede in die nastrewing van vryheid, geregtigheid en gelykheid, op watter manier ook al moontlik.
- Die Black Panther Party se Tienpunt-plan implementasie.
- Gemeenskapsontwikkelingsprojekte (bv. gratis ontbytprogramme).
- Opvoedkundige programme (bv. onderrig van Afrika-geskiedenis).

(Enige ander relevante reaksie)

**GEVOLGTREKKING**

Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking verbind. Indien kandidate nie met die verklaring saamstem nie, moet hul argumentslyn die standpunt met relevante bewyse ondersteun.

**[50]**

**TOTAAL: 150**